Visuele kuns

Adams 'n wegwyser na siel van kuns

Melvyn Minnaar

Albert Adams
Smac, Kaapstad
★★★★★

As daar enige regverdigheid is in die uitspattige bedrae geld wat rykes vir sommige kunswerke betaal – soos $57,3 miljoen (sowat R868 miljoen) vir 'n 1982-skildery van Jean-Michel Basquiat by Christie's in New York verlede week – kan 'n mens maar net wonder oor die waarde van hierdie aangrypende tentoonstelling.

In 'n era waarin soveel kuns sy siel meesal aan die markte belowe het (selfs kunstenaars, nat-oor uit ons kunsskole, dink deesdae meriete word in geld gemeet), is wyle Albert Adams 'n regwyser op hoe die siel in skepping kan ontvou.

Die feit dat die kuns van Adams, wat in 2006 op 77 dood is, (nog) nie die geldgierige liefling (soos onder andere Robert Hodgins en Stanley Pinker) op kunsveilings geraak het nie, sê dalk meer van die onthutsende en emosionele trefkrag van sy werk as wat dit 'n oordeel van sy kunstenaarskap is.

Want Adams was 'n tipiese kunstenaar se kunstenaar: Sy visuele verkenning het die strome van sy tyd gevolg (dit is byvoorbeeld verrykend om in hierdie "oorsig" die parallel met kunstenaars soos Bacon en Auerbach, die Duitsers van die era, te trek), maar deurgaans met 'n morele lading. Daarbenewens het hy voortdurend tegniek en media geslyp en beproef, al was lyn, streep en gebaar sy instrument.

"Red Figure", 1999, houtskool en pastel op papier, deur Albert Adams.

Getrou aan die klassieke ekspressionistiese leuse van kuns as uitdrukking van sosiale bewustheid, is bykans elke kunswerk 'n morele stelling of vraag. Keer op keer, oor die meer as vyf dekades wat die kurators Marilyn Martin en Joe Dolby hier dek, kom dieselfde temas terug. Dit is byna uitsluitlik die "menslike situasie", ongenaakbaar en onseker, wat hy visueel aanspreek. Portrette (boeiende selfportrette kaart sy ontginning en ontwikkeling oor die jare) plaas die persoon, die karakters gewoonlik vol in die aangesig. Elders dien ape en die sirkus as metafore daarvoor.

Die reeks en uitbeeldings rondom die Kaapse Klopse soos in die *Celebration Series* vergestalt die sosiale ironie van die feestigheid in afskuwelikheid – 'n meedoënlose aanspraak op die kyker in flambojansie getooi. Voortreflike skilderye. (Maar het kunsveilings die senuwees hiervoor?)

Dit is byna asof jy die forsheid van argument, onsekerheid en drif van misnoeë in die verfstrepe kan aanvoel, die passie kan lees. Dieselfde tyd deur die selfversekerde manier van uitbeelding oorrompel word – Adams het nie vir kleur of kwas, houtskool of ets, geskrik nie en tog bly die kyker immer bewus van sy strategiese komposisie.

In 1982 maak hy "The Captive", 'n knap komposisie waarin die paradokse van outoriteit, burokrasie en geweld versinnebeeld word. Dit was dieselfde jaar waarin die 22-jarige Basquiat, wat ses jaar later dood is, sy "wilde" skildery skilder wat pas vir die verspotte prys verkoop is. Vir ons Kapenaars is die Adams-tentoonstelling 'n onmisbare kans om weer 'n kykie in die siel van kuns te ervaar.

■ **Tot Saterdag. Skakel 021 422 5100 met navrae.**